

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: Ismael, bestem tot ongelukheid?**

**Skriflesing: Genesis 21:1-21 (1953)**

### Broodjies vir die pad

Daar is tans op Versindaba n kompetisie vir digters om 'n gedig oor 'n ontslape digter te skryf. Hierdie is die eerste:

#### Ek het jou belowe

Vir Len S. Louw (1951 – 2013)

Met my laaste besoek was jy bitter.  
Oor die lewe maar verál oor die dood.  
Oor sommiges se stil vertrek,  
'n verskietende ster bo Khorixas.

Maar dié soos jy moet ly, vir maande, selfs jare  
aan die windkant van die Namib-duine wag.

En bang. Nie vir die dood of selfs die pyn,  
maar om soos 'n gemsbok in 'n draadstrik  
sonder waardigheid te gaan.  
En ek het jou belowe ...

Na 'n oproep laat een Vrydagaand,  
my gehaas, astraal langs jou bed kom staan.  
Ooglede halfgestrykte seile, wange ingesonke,  
baardstoppels nes wintergras in Damaraland,  
lippe droog en gekraak soos die klei by Sossusvlei.

Ek het gegroet.  
Jy, gewoon net ophou asemhaal.

*\*Len S. Louw het as digter in 2010 gedebuteer nadat hy reeds met 'n terminale toestand gediagnoseer was. Hy is oorlede op 26 Januarie 2013.*

<http://versindaba.co.za/2014/06/12/lykdig-1-ek-het-jou-belowe>



### Ongelyke debat woed oor rykdom in wêreld

Die lywige Capital in the 21st Century deur die Franse ekonoom Thomas Piketty bly in die nuus. Die sentrale tema is dat groeiende ongelukheid demokratiese waardes bedreig. Anim van Wyk het plaaslik reaksie ingewin.

Ongelukheid wêreldwyd tussen ryk en arm neig na die vroeë 1900's se vlak.

In 1929 het die rykste 1% in die VSA 25% van die inkomste ontvang. Teen 1976 – ná die Groot Depressie, die Tweede Wêreldoorlog en die koms van 'n sosiaal-demokratiese regering – het dit geval tot 9%. Tans staan dit op 25,5% □.□.□.

Met syfers soos hierdie oor 30 lande heen het die Franse ekonoom Thomas Piketty mense aan die praat. Hy het dit saamgestel uit 'n verskeidenheid bronne, soos inkomstepeilings en belastinginligting – wat in die geval van Frankryk uit die laat 1700's dateer. Die Engelse vertaling van sy boek as Capital in the 21st Century het

reeds 200□000 eksemplare verkoop en dis ongehoord vir 'n studie van die ekonomie.

'n Financial Times-onderzoek het egter tikfoute en onverklaarbare inskrywings in Piketty se ontledingstate uitgewys. Hy sal dit moet verduidelik, sê kenners, maar ook dat daar genoeg ander bronne is wat op dieselfde neiging wys.

Die skaal moet beter gebalanseer word, sê Piketty, en hy gee voorstelle: rykes moet meer belasting betaal, die hemelhoë salarisse van maatskappyhoofde moet in bedwang gebring word en 'n belasting op finansiële transaksies moet op spekulasië-inkomste gehef word. Maar sy voorstel wat die meeste aandag trek, is dat 'n internasionale rykdombelasting ingestel behoort te word.

#### Rykes word wel ryker

Vir die Stellenbosse ekonoom prof. Sampie Terreblanche resoneer Piketty se boek met sy eie siening. “Hy sê wat sommige van ons nog altyd gesê het: In 'n kapitalistiese ekonomie word die rykes ryker en die armes armer.

“Want die koers waarmee kapitaal opbrengs lewer, is hoër as die gemiddelde ekonomiese groei koers. Sê maar as die groei koers op kapitaal 4% en die groei koers van die ekonomie 2% is, dan beteken dit die houers van kapitaal of eiendom hardloop vir die res van die gemeenskap weg.”

Dit is ook die geval in Suid-Afrika, waar die mark-kapitalistiese ekonomie rykes bevoordeel, sê hy.

“Maar meer as dit: Vir 100□jaar het ons 'n stelsel van rasse-kapitalisme gehad wat die rykes soveel te meer laat ryk word het. Niemand in die land wat ryk is en wat wit is, kan homself op die skouers klop en sê dis sy eie verdienste nie.”

Terreblanche het in 1997 voor die Waarheid-en-versoeningskommissie getuig en 'n rykdombelasting voorgestel om “□'n deel van die onverdiende rykdom weg te belas wat wit mense gedurende apartheid geakkumuleer het”.

Toe het 'n Engelse koerant geskryf hy is 'n aardige fenomeen uit die buitenste ruimte, onthou Terreblanche.

“Dit was 17 jaar gelede en nou stel Piketty rykdombelasting voor. Klaarblyklik is dit nie meer iets uit die buitenste ruimte nie.”

Jan Hofmeyr, hoof van beleid en ontleding aan die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, meen daar is 'n sterk etiese saak vir rykdombelasting. “Maar die werkbaarheid sal afhang van hoe hoog die koers is en die las wat dit op 'n redelike klein belastingbasis kan plaas.”

As dit te hoog is, sal mense dit op wettige of onwettige maniere probeer ontduik, of selfs na plekke emigreer waar die belastingkoers laer is.

En anders as die VSA het Suid-Afrika al 'n progressiewe stelsel waar mense se belastinglas toeneem in verhouding tot hul inkomste, sê hy. Daarby is die Davis-kommissie tans besig om ons belastingstruktuur te ondersoek.

“Daar word wyd verwag die aanbeveling sal wees dat hoë inkomsteverdieners meer belasting moet betaal,” sê Hofmeyr. Indien dit gebeur, hoop hy die onderwysstelsel sal daarmee drasties verbeter word – die langtermynoplossing vir ongelukheid.

In wese word rykdombelasting al in Suid-Afrika toegepas, sê Goolam Ballim, hoofekonoom van Standard Bank.

“Ons land bestee 5% van die bruto binnelandse produk aan welyntoelae en dit word hoofsaaklik gefinansier deur hoë nominale maatskappy- en persoonsbelasting. Dit skep die wye sosiale net wat die afgelope dekade uitgegooi is. Maar dié stelsel word onvolhoubaar wanneer 'n mens 'n verhoging in die

belastinglas as 'n oplossing sien wat onafhanklik staan van vinnige inkomstegroei en 'n arbeidsmark wat verbreed,” sê hy.

### Meriete, nie erfgoed

John Kane-Berman, 'n konsultant vir die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, vind Piketty se fokus op rykdom en belasting misplaas.

“Eerlikwaar, dit maak nie in die minste saak of die top-1% ryker word nie. Wat saak maak, is of die onderste 20% ryker word,” sê hy.

Kane-Berman wys daarop die verhouding van die ontwikkelende wêreld se bevolking wat in armoede leef, het die afgelope drie dekades van 52% tot 21% geval.

“Dit is een van die beste stories in die geskiedenis van die mensdom,” sê hy. Indië en China het die pas aangegee en daarom behoort Suid-Afrika 'n soortgelyke groeikoers van tussen 7% en 8% na te streef.

“In ag genome ons tekort aan vaardighede mag vinniger ekonomiese groei inderwaarheid salaris-ongelykheid vergroot deur die inkomste van geskooldes vinniger op te stoot. Maar dan moet dit maar so wees.

“Die ongelikheid waarop ons in Suid-Afrika moet fokus, is tussen dié met werk en dié daarsonder. Ons aandag moenie afgetrek word deur die kwessie van inkomste-ongelykheid hier of elders nie, wat Piketty of ingeeen in New York ook al sê.”

Gavin Keeton van die Rhodes-universiteit se departement ekonomie is iemand wat verskil. Ongelykheid maak wel saak, skryf hy in Business Day.

Dis onversoenbaar met die grondslag van 'n demokrasie: die gelykheid van al sy burgers. Waar meriete sukses bepaal en nie erfgoed nie.

“Bowendien, wanneer ongelikheid hand aan hand met volslae armoede gaan, soos in Suid-Afrika die geval is, is dit moreel onverdedigbaar,” skryf Keeton.

Ongelykheid skep 'n samelewing waar verskillende waardes op verskillende groepe van toepassing is, sê Saliem Fakir, hoof van die Wêreldnatuurlewefonds se Living Planet Unit en rubrieksrywer vir die South African Civil Society Information Service.

“As jy sinies wil wees, kan jy sê mense soos maatskappyhoofde kan die stelsel tot hul voordeel beknoei, terwyl ander moet protesteer of staak om dit reg te kan kry. Piketty se punt is dat wanneer 'n mens hoë vlakke van ongelikheid het, verhoog konflik in 'n samelewing. Só skiet 'n mens jouself in die voet, want vir 'n ekonomie om suksesvol te wees moet daar hoë vlakke van samewerking wees. En dít vereis 'n regverdiger stelsel,” sê hy.

### Geweldige prys van vooruitgang

Kommentators glo die groot waarde van Piketty se boek is dat dit debat sal stimuleer, oorsee en hier.

So ook Bobby Godsell, afgetrede mynbaas en tans voorsitter van Besigheid Suid-Afrika. Hy sê die debat moet bepaal watter vlak van ongelikheid ons in Suid-Afrika sal duld ter wille van ekonomiese groei. Terselfdertyd hoe ons die sosiale samehorigheid kan bevorder wat 'n meer gelyke verspreiding van kapitaal meebring.

“Hierdie debat moet voorts die beleidsinstrumente identifiseer waarmee ons die balans kan tref waarna ons streef.

“Vooruitgang, wêreldwyd en in ons eie land, het teen 'n geweldige prys gekom. Ons het 'n politieke agenda nodig wat hierdie proses in die uitdagende dekades vorentoe sal laat voortbestaan,” sê Godsell.

Hernieude bespreking en ondersoek is presies wat Piketty met sy boek wil bereik. Soos hy skryf:

“Daar is geen grondliggende rede waarom ons moet glo groei is outomaties gebalanseerd nie. Ons moes lank gelede al die kwessie van ongelikheid weer die middelpunt van ekonomiese ontleding

gemaak het en vrae begin vra het wat vir die eerste keer in die 19de eeu geopper is.”

<http://www.beeld.com/opinie/2014-06-18-ongelyke-debat-woed-oor-rykdom-in-wreld>

## Brood vir die pad

### Die verryking van musiek, boeke en kuns

Wilhelm Jordaan

In die rolprentregisseur Ridley Scott se musiek-dokumentêr *Springsteen and I* (2013) praat 'n verskeidenheid van fans oor waarom hulle so aan Bruce Springsteen as liedjiesmaker en rocker verknog is.

So byvoorbeeld vertel 'n vrou wat op 'n klein dorpie in Denemarke woon in stamelende Engels dat sy en Springsteen al sedert 1985 vriende is.

Sy musiek verryk haar lewe, sy luister elke dag daarna. Hy is tuis in haar huis, sê sy. Dan voeg sy droogweg by dat hy haar nie ken nie!

Waarvan sy praat, is die vreemde “vriendskappe” wat 'n mens soms het – met sangers en die liedjies wat hulle komponeer.

So ook met skrywers, hul boeke en die karakters wat hulle skep.

Die kunstenaars ken jou nie by die naam nie, maar deur hul kuns voel jy jy word van geweet; en dat jy 'n ganse lewe lank ook verbeelde vriende het – wat jou feilloos bystaan as jou lewe stukkend is; wat sag met jou omgaan; en wat opreg raad gee en vermaan.

In John Green se roman *The Fault in Our Stars* vertel die 16-jarige fase-vier-kankerlyer Hazel Grace Lancaster van so 'n “vriendskap”: “□.□.□.□ then there are books which are so special and rare and yours that advertising your affection feels like a betrayal. It wasn't even that the book was so good or anything; it was just that the author seemed to understand me in weird and impossible ways. His book was my book, in the way my body was my body and my thoughts were my thoughts. This book has a way of telling me what I'm feeling before I even feel it.”

Oor dié soort lewensverryking het die letterkundige en skrywer P.H. Roodt gesê dat 'n mens deur die duisende boekkarakters meer as een keer leef; dat jy só die name van emosies leer en dat dít 'n enorme voorreg is: Om 'n leser te wees. Natuurlik geld dit ook luister na musiek en kyk na kuns.

Want in dit alles kom 'n mens telkens die eeue-oue verhaal van die mens teë; beleef jy keer op keer die mens se oudste en eerste gevoel – om in die gemoed beweeg te word; dat jy toelaat dat iets jou ráák of onverwags oorrumpelend aangeraak word.

Uit gemoedsbeweging “vloei” die mens se emosies – soos die Latynse woord vir emosie (emovere) te kenne gee.

En só algaande kom die name van emosies uit baie kombinasies en permutasies – uit die geur van woorde, uit die wendinge van verruklike klank en uit die appèl van aangrypende visuele beelde.

Dan herken jy met brandende oë en hart jou emosies én dié van 'n ander; leer jy om te voel hoe 'n ander voel.

En miskien leer jy só ook om genaakbaarder met ander én met jouself om te gaan.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-06-10-die-verryking-van-musiek-boeke-en-kuns>